# DIE IMPLIKASIES VAN DIE INSTELLING VAN KOSHUIS-BOERDERYE IN TRANSVAAL.

Deur

C. VAN DER WALT, B.SC., B.ED.

Voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Educationis in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

PROMOTOR: PROF. H. J. J. BINGLE.

Morgenzon.
Oktober 1957.

TNHOUDSOPGAWE.


Inleiding............................... (i)-(iii)

Hoofstuk I: Publieke Administrasie .......... 1-11

A. Die Wese van Administrasie .. 1

B. Die Wese van Publieke Administrasie ..................... 1

I. Definisie ............... 1

II. Die Publieke Diens ...... 1

III. Kenmerke van die Publieke Diens en sy Amptenare ... 2

1. Monopolie ........... 2

2. Gemeenskapsdiens .... 2

3. Konsekwentheid ...... 2

4. Anonimiteit ......... 2

5. Openbare aanspreeklikheid ................ 2

6. Openbare inligting .. 2

7. Organisasie ......... 2

8. Doeltreffendheid .... 2

C. Beleidsbepaling ............. 2

I. Politieke of Algemene beleid .................... 3

II. Uitvoerende beleid ...... 3

III. Administratiewe beleid .. 3

IV. Tegniese beleid ......... 3

D. Beheer oor die Publieke Administrasie .................. 3

I. Noodsaaklikheid van Beheer ................... 3

II. Beheer deur die Uitvoerende gesag ............ 4

III. Beheer deur Wetgewing ... 4

IV. Beheer deur die Regbank . 5

V. Beheer deur die Gemeenskap ................... 5

E. Organisasie ................. 5

I. Definisie ............... 5

II. Administratiewe Organisasie .................... 5

1. Funksie van die Administrateur .......... 5

2. Aard van die Organisasie ............... 6

3. Die Organisasiepatroon 6

(a) Funksioneel .... 6

(b) Unitêr ......... 6

III. Die Provinsiale Administrasie van Transvaal ... 7

1. Enige sake wat aan die Provinsiale Regering toegewys is .... 7

(a) Die Provinsiale Huishouding .... 7

(b) Onderwys ....... 7

(c) Die Provinsiale Inkomstefonds .. 7

2. Amptenare wat volgens wet deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade aangestel word ...... 8

(a) Die Administrateur ........... 8

(b) Die Provinsiale Ouditeur ...... 8
(i) Sy Benoeming ..... 8
(ii) Sy Funksie 8
3. Organisasie van die Provinsiale Administrasie ............ 8
(a) Die Provinsiale Sekretaris .... 8
(b) Die Provinsiale Assistent-Sekretarisse ..... 8
(c) Die Departement van Finansies . 9
(d) Die Onderwysdepartement ..... 9
(i) Organisasie ...... 9
(ii) Prosedure 10
F. Samevatting ................ 10

---

Hoofstuk II: Die Instelling van Koshuisboerderye in Transvaal ............ 13-24
A. Die Probleem van Plattelandse Onderwys ................ 13
B. Sentralisasie as Oplossing van die Probleem .......... 13
I. Van 1900 tot 1910 ..... 13
II. Van 1910 tot 1932 ..... 13
III. Sentralisasie word as Beleid aanvaar in 1936 14
C. Die Koshuisboerderye as Produk van die Sentralisasiebeleid ........ ............ 16
I. By Sentrale Skole ..... 16
II. By Skoolplase ......... 17
D. Groei en Uitbreiding van die Koshuisboerderye ...... 18
E. Funksies van die Koshuisboerdery .................. 19
I. Opvoedkundig .......... 19
1. Besonder .......... 19
2. Algemeen .......... 20
II. Voorsiening van Voedsel aan Koshuise .......... 21
F. Samevatting ................ 22

---

Hoofstuk III. Regulasies, Reëls en Voorskrifte insake Koshuisboerderye .... 25-52
A. Die Voorgeskrewe Prosedure i.v.m. Ontvangste ......... 25
I. Die Prosedure in die Kaapprovinsie, Oranje Vrystaat en Natal ..... 25
1. Die Kaapprovinsie . 25
2. Die Oranje Vrystaat 26
3. Natal ............. 26
II. Die Transvaalse Prosedure .................... 27
B. Regulasies insake Skoolplaasboerderye ............. 29
I. Die Werking van die Skoolplaasboerdery .... 29

II. Die Regulasie-aangeleentheid ............. 30
C. Regulasies, Reëls en Voorskrifte insake Koshuisboerderye ................... 31
I. Die 1936-regulasies ... 31
1. Bepalings ......... 31
2. Reëls en Voorskrifte gebaseer op die 1936-regulasies ... 32
(a) Die Koshuiskwartaalstaat 32
(b) Terreinbepaling vir Inspeksiedoeleindes ... 33
(i) Die Inspekteur van Onderwys ..... 33
(ii) Die Geneeskundige Inspekteur .... 33
(iii) Die Buiteinspekteur 33
(c) Voorsiening van Plaasprodukte aan Onderwysers e.a. Persone . 33
(d) Werksaamhede van die Buite-Inspekteur ... 33
(e) Verkoop van Kalwers ...... 33
(f) Benoeming van 'n Inspekteur van Koshuise . 34
(g) Eenheidskostesyferbepaling 34
(h) Kontrole oor Plaasgereedskap ......... 34
II. Die 1942-regulasies ... 34
1. Bepalings ......... 34
2. Reëls en Voorskrifte voortvloeiende uit die 1942-regulasies 35
(a) Finansiële en Administratiewe Sake ...... 35
(b) Buite-aktiwiteite ........ 36
(c) Inspeksies ... 36
(i) Die Inspekteur van Onderwys ..... 36
(ii) Die Geneeskundige Inspekteur .... 37
(iii) Die Buiteinspekteur 37
(iv) Die Koshuis-inspekteur 37
(d) Afsluiting van die Kasboek en berekening van

Eenheidskoste-
syfers ....... 37
III. Die 1950-regulasies ... 38
1. Bepalings ......... 38
2. Voorskrifte voort-
vloeiende uit die
1950-regulasies ... 38
(a) Terrein van
die Koshuisad-
viseur ....... 38
(b) Boekhouding by
Koshuise en be-
rekening van
Eenheidskoste-
syfers ....... 38
(i) Die Inkom-
ste- en
Uitgawere-
kening .. 39
(ii) Die Balans-
staat ... 39
(c) Gewysigde Kas-
boek ......... 39
IV. Regulasies insake Kos-
huisboerderye ......... 40
1. Bepalings ......... 40
2. Reëls en Voorskrif-
te voortvloeiende
uit die Boerderyre-
gulasies .......... 42
(a) Vasstelling van
Produktepryse 42
(b) Algemene Boek-
houding ...... 43
(c) Rekeningprose-
dure i.v.m.
Boerdery-akti-
witeite ...... 43
(i) Die Begin-
sel ..... 43
(ii) Die Prak-
tyk ..... 43
(iii) Die Teg-
niek .... 43
(d) Die Lewende Ha-
weregister ... 48
D. Samevatting ............... 49

---

Hoofstuk IV: Kritiese Beskouing ............ 53-100
A. Die Instelling van die Kos-
huisboerderye ............. 53
I. Die Beplanningsaspek .. 53
II. Die Publieke Administra-
sie-aspek ............ 54
1. Algemene Administra-
sie ............... 55
2. Besondere Admini-
strasie ........... 55
(a) Die Wese ..... 55
(b) Beleidsbepaling 55
3. Beheer ............ 56
(a) Noodsaaklikheid
van Beheer ... 56
(i) Ekstern . 56
(ii) Intern .. 57
(b) Vorm van Beheer 57

(i) Deur die Uitvoerende Gesag 57
(ii) Deur Wetgewing .. 58
4. Organisasie ....... 59
5. Samevatting ....... 60
B. Tegniese Beleid t.o.v. Koshuisboerderye ............ 61
I. Algemeen ............. 61
II. Noodsaaklikheid van Regulasies, Reëls en Voorskrifte ............... 63
1. Algemeen .......... 63
2. Omlyning van Magte en Pligte van verantwoordelike Amptenare ............ 63
3. Verslaggewing ..... 64
4. Die Tegniese Aard van Boerderybeheer 64
III. Voorskrifte i.v.m. die Opvoedkundige Funksie . 67
1. Uitgangspunt ...... 68
2. Die Opvoedkundige Funksie van die Koshuisboerderye ..... 68
(a) Inleidend .... 68
(b) Doelstelling van Landbou-onderwys ....... 69
(i) Departementele Doelstelling .... 69
(ii) Primêr .. 69
(iii) Sekondêr 70
3. Implikasies van die Doelstelling ...... 70
(a) Landbou-onderwys moet prakties wees .... 70
(b) Landbou-onderwys moet in gemengde skole geskied ...... 70
4. Tegniese uitvoering van die Opvoedkundige beleid ......... 71
(a) Landbou-onderwys met betrekking tot Gedifferensieerde Onderwys ..... 71
(b) Organisasie van Landbou-onderwys .......... 72
(c) Personeelvoorsiening ...... 73
(i) Toekenning 73
(ii) Kwalifikasies .... 73
5. Slotsom ........... 74
Voorskrifte i.v.m. die Sosio-ekonomiese Funksie 74
1. Bepalings van die Regulasies ........ 75

2. Implikasies van die Regulasie-bepalings ... 75
(a) 'n Rekeningstelsel en Kostebe-rekening is noodsaaklik .. 75
(b) Beheer is noodsaaklik ...... 76
3. Die Rekordstelsel i.v.m. Koshuisboerderye .............. 77
(a) Sy Funksie ... 77
(b) Die Grondslae 77
(c) Toepassing van die stelsel in die Praktyk .. 78
(i) Versameling van die Gegewens .... 78
(ii) Opsomming en verwerking van die Gegewens .... 88
(iii) Afronding en vertolking van die Gegewens .... 93
4. Samevatting........ 98
5. Slotsom .......... 99
Tabel I: Uitgawes van die Transvaalse Provinsiale Administrasie t.o.v. Kapitale Dienste en Meubels en Uitrusting gedurende die Boekjare 1935/36 tot 1939/40 ........................ 16
Tabel II: Uitgawe, Inkomste en Waarde van Lewende Hawe van Koshuisboerderye vir die jare 1938 - 1953 ............ 19
Tabel III: Inkomste en Uitgawe in Kontant en Natura van sekere Koshuisboerderye ......................... 59
Tabel IV: Koste per Leerling van Landbou-, Middelbare en Normaalkollege-onderwys ........................... 76
Bylae A .............................. 101
Bylae B .............................. 102
Bylae C .............................. 104
Bylae D .............................. 106
Bibliografie .......................... 108

---------oOo---------

## INLEIDING.

Oorspronklik sou hierdie verhandeling gegaan het oor die implikasies wat die instelling van koshuisboerderye met hulle meegebring het t.o.v. die tegniese beleid wat deur die superintendente van die koshuise waaraan hulle verbonde is, uitgeoefen behoort te word en in daardie sin is dit die resultaat van weë en middele wat gevind en geskep moes word om situasies en probleme wat die praktyk gebaar het, die hoof te kan bied.

Die konsepsie van die probleem het plaasgevind by 'n koshuisboerdery wat slegs uit 'n klompie melkkoeie bestaan het waarvoor op 'n paar morge droëland ruvoer vir die skraal maande verbou is en alhoewel hierdie kuddetjie aanvaar is omtrent soos die melkkoei van 'n huisgesin nl. dat dit 'n gewaardeerde deel van die huishouding is, was daar tog 'n vae besef dat daar implikasies van 'n ingewikkelder aard moet wees uit hoofde van die feit dat dit 'n provinsiale onderneming is.

Later het die praktyk hierdie vae besef tot 'n probleem laat aangroei toe elders 'n taamlik uitgebreide boerdery gehanteer moes word by 'n koshuis waar die finansies groot kommer gebaar het en dit spoedig duidelik geword het dat dit nodig sou wees om te bepaal welke aandeel koshuis en boerdery afsonderlik gehad het in die ontwikkeling van die toestand. Hierdie besef het die noodsaaklikheid van selfstandige boekhouding van die boerdery se finansiële verloop na vore gebring waaruit die idee van 'n rekordstelsel gebore is. Hierdie idee is in praktyk gebring en al gaande het dit ontwikkel tot die vorm soos wat in die Kritiese Beskouing uiteengesit is.

Met verloop van tyd is die behoefte egter ook gevoel om hierdie stelsel wat so op sy eentjie en met die oog op die oplossing van plaaslike probleme ontwikkel is ook te benader uit die oogpunt van die Transvaalse Provinsiale Administrasie onder wie se sorg die boerdery as provinsiale onderneming eintlik tuishoort en uit hoofde waarvan dit onderhewig is aan die be-

ginsels van die Publieke Administrasie in die algemeen en die wette en statute van die Provinsiale Administrasie in die besonder. Veral is hierdie behoefte versterk toe die stelsel geleidelik meer belangstelling van die kant van sekere Provinsiale Amptenare erlang het, en toe die Transvaalse Onderwysdepartement uiteindelik by Omsendbrief 30 van 1957 'n Rekeningstelsel vir Koshuisboerderye voorgeskryf het wat blykbaar op die beginsels van hierdie stelsel gebaseer is, is die studie onderneem en dit het aan hierdie verhandeling sy finale beslag gegee.

Hierdie uiteensetting dien nie slegs om die verhandeling te motiveer en die agtergrond daarvan te skets nie, maar ook om die histories-kritiese metode wat gevolg is, te regverdig en die studieveld te omlyn, nl. ondersoek na:-

(i) die wese en beginsels van publieke administrasie;

(ii) die funksie en statute van die Transvaalse Provinsiale Administrasie;

(iii) die motief wat die Provinsiale Administrasie daartoe gebring het om die boerderye in te stel;

(iv) die implikasies van die instelling, die maatreëls wat die Provinsiale Administrasie na aanleiding daarvan getref het, die rol wat die Provinsiale Ouditeur uit hoofde van sy besondere funksie in hierdie verband gespeel het en afsluiting met 'n kritiese beskouing met aanduiding van maatreëls wat getref kan word om leemtes wat nog bestaan, te vul.

Ten slotte moet 'n negatiewe aspek van die ondersoek vermeld word, nl. dat die voorneme van 'n vergelykende studie met ander soortgelyke stelsels nie ten uitvoer gebring kon word nie. Ten spyte van 'n wye ondersoek wat ingestel is, kon slegs een so 'n stelsel gevind word, nl. die „Rekordboek vir Boere" opgestel deur die Afdeling Ekonomie en Marke van die Departement van Landbou. Alhoewel hierdie stelsel 'n soortgelyke uitgangspunt en funksie het as dié van die koshuisboerderye, word dit uit die aard van die saak in die praktyk anders toegepas aangesien die koshuis- en die gewone plaasboerdery uit ekonomiese oogpunt

verskillende doelstellings het, sodat ŉ verglyking van die twee stelsels nie veel nut sou hê nie.

----------oooOooo---------